

Suid-Afrikaanse Komponiste


deur FANIE KOEKEMOER

III – WALTER SPIETHOFF

WALTER SPIETHOFF is in Düsseldorf aan die Ryn gebore. Op sesjarige leeftyd het sy ouers na Boheme vertrek, waar sy vader 'n koerant uitgegee het en waar die komponis etlike jare lank musiek bestudeer het. Hy het veral belang gestel in die opera. Sy jongelingsjare kenmerk 'n tydperk van swaarkry, en ten spyte van 'n groot tekort aan geldelike middele het hy gedurende sy worsteljare geen oomblik afgesien van sy ideaal nie.

Nadat sy studies oorsee voltooi was, het hy na Suid-Afrika gekom waar hy 'n betrekking as sangmeester aan die Kollege van Musiek te Kaapstad aanvaar het. Die eerste jare van sy verblyf alhier was alles behalwe rooskleurig, want kort ná die uitbreek van die oorlog in 1914 is hy deur die Suid-Afrikaanse Regering geïnterneer en moes hy sy betrekking as sangmeester neerlê.

Tydens sy verblyf in die interneringskamp, het hy die volgende liedjies gekomponeer: „Eensaamheid,” „Die Ossewa,” „Ons Twee,” „Trou,” „Die Stryd” (almal van Jan Celliers); „Afrikanerlied” (H. A. Fagan); „Soentjies” en „Die Jong Meisie” (Melt Brink); „Die



Walter Spiethoff.

Pêrelse Klokkies” (A. G. Visser); „Skat van my Drome” (sy eie); „Ek sing van die Wind” (C. L. Leipoldt); „Wynlied,” nl. „Broer, neem die glas in jou hand” (sy eie).

Een van sy eenvoudigste maar mooiste liedjies is ongetwyfeld die „Pikaninie-Wieglied” (F. A. K.-Bundel No. 104). Hierdie liedjie het sy oorsprong as volg gehad:

Die komponis was op 'n kunsreis deur Suidwes-Afrika. Op Grootfontein het hy 'n Ovambovrou en haar kaal pikkenien in 'n winkel sien stap. Toe hulle weer uitkoin, het die pikkenien 'n paar lang spierwit kouse aangehad wat baie komieklik by die swart beentjies afgesteek het. Op daardie oomblik het die komponis net 'n bruin papierkardoes by hom gehad, maar binne vyf minute was die gediggie, soos dit in die F.A.K.-Bundel aangegetref word, klaar. Kort daarna het hy die wysie gesing en die woorde getoonset.

Walter Spiethoff was een van die eerste komponiste wat 'n toonsetting gemaak het van „Die Stem van Suid-Afrika.” Hierdie toonsetting word vandag gebruik by H. A. Fagan se „Afrikanerlied” (F.A.K.-Bundel No. 30A). Dieselfde woorde is ook deur Joh. Peters op 'n ander wysie getoonset: „Afrikanerlied” (B) (F.A.K.-Bundel No. 31).

Ander bekende komposisies van Spiethoff is „Die Sterretjie” (Leipoldt); „Sneeu” en „Winter” (A. D. Keet); „Die Steenbokkie” (Harper Martinss); „Op Brandwag” (R. Gerhardt) en „Klein Ondeug” (Jan Celliers).